

LEER JOU KIND DIE STAPPE VAN TAAKVOLTOOIING

Kinders maak dikwels die fout om net op die **resultaat** of **uitkoms** van 'n taak te fokus: "Dis belangrik dat ek 80% vir hierdie toets kry... Ek móét hierdie kompetisie wen".

Dit veroorsaak dikwels angs en ongesonde kompeterende gedrag en lei dikwels daartoe dat die kind vinnig tou opgooi.

Dit is belangrik dat jy jou kind leer dat taakvoltooiing 'n **proses** is en dat dit nie nét gaan oor die resultaat nie. Ouers moet daarop ingestel wees om hul kind aan te moedig en te prys deur op AL drie die stappe van taakvoltooiing te fokus:

Stap 1: Begin met die taak ("Start the task")

Stap 2: Hou aan al sukkel jy ("Follow through")

Stap 3: Voltooi die taak ("Finish the task")

Hierdie drie stappe skep en vestig 'n werksetiek by 'n kind.

Indien kinders in die belangrikheid van Stap 1 tot 3 begin glo en dit inoefen EN positiewe terugvoer oor elkeen kry, sal hulle waarskynlik deur die hele taak/projek vaardig en gemotiveerd voel.

Aanmoedigende opmerkings soos die volgende kan baie waardevol wees:

Stap 1 - "Sjoe, ek sien jy het begin met hierdie werk wat ek wéét nie vir jou lekker is nie..."

Stap 2 - "Ek sien jy het weer begin met jou werk. Goed gedaan. So gaan jy gouer klaarkry"

Kinders wat sukkel met konsentrasie, sukkel veral met Stap 2 ('Follow through'). Dit veroorsaak dikwels dat hulle geen positiewe terugvoer ontvang **gedurende** taakvoltooiing nie. As hulle positiewe terugvoer kry deur die hele proses van taakvoltooiing, help dit bou aan 'n gevoel van selfvertroue en gevoel van vaardigheid.